Jesus is ons Here

# Ek is die opstanding en die lewe

## Bybelteks

*Jesus het vir haar gesê: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal leef, al het hy ook gesterf; en elkeen wat leef en in My glo, sal tot in ewigheid nooit sterf nie ..."*

**– Johannes 11:25-26**

## Kernwaarheid

**Wie in Jesus glo, het die ewige lewe.**

### WELKOM

- Watter bekende mense in die geskiedenis sou jy wou terugbring uit die dood?

- Wat sou jy vir hulle wou vra?

### WONDER

- Hoe dink jy het Martha en Maria gevoel toe Jesus "te laat" gekom het?

- Ons lees in die verhaal dat Jesus gehuil het. Wat leer die vir ons van Jesus?

- Hoe dink jy het die mense gereageer toe Lasarus uit die graf gestap het?

- Wat beteken Jesus se woorde: "Ek is die opstanding en die lewe"?

## WEES

Dink aan die aktiwiteit wat julle as groep gedoen het en onthou dat Jesus vir Lasarus weer lewendig gemaak het.

## WEGSTUUR

Bid hierdie week elke dag die volgende gebed: Dankie, Jesus, dat U sterker is as die dood. Dankie dat U lewe gee. Help my om altyd op U te vertrou. Amen.